

abbo

ASSOSIASE VIR BYBELSE BERADING
EN OPLEIDING

# BYBELSE BERADING

*Kursus 1*

# SEMESTER 1

## WEEK 20

**Week 20**

***WERKOPDRAG 1.7***
**Opsomming van LEERJOERNAAL : Semester 1**
**3 bladsye**

Lees weer no.6 – LEERJOERNAAL (net na die tabel) deur voordat jy werkopdrag 1.7 doen.

| WEEK | EENHEID | SUB-EENHEID | ONDERWERP | BRON |
|---|---|---|---|---|
| **20** | **Werkopdrag 1.7** | | Opsomming van Semester 1 leerjoernaal (3 bl)<br>Lees no.6, bl 16 - 17 | |

## 6. LEERJOERNAAL

As volwasse leerder in hierdie program word daar van jou verwag om aan die einde van elke semester te reflekteer oor wat jy daarin geleer het. ‘n Kundige op hierdie gebied (Posner) beweer dat ‘n mens meer leer deur oor ‘n ervaring te besin of te reflekteer, as uit die ervaring self.

Daar word verwag dat jy ‘n joermaal sal hou waarin jy jou ervaring as leerder beskryf, kommentaar lewer oor persoonlike groei, en die kennis en ervaring wat jy in die konteks van berading opdoen.

Een van die metodes wat gebruik kan word om reflektiewe denke te bevorder is ‘n LEERJOERNAAL. Dit is ‘n manier waarop gebeurtenisse oor ‘n tydperk aangeteken word en dan daaroor nagedink word. Sulke joernale verskaf aan die skrywer die geleentheid om gebeurtenisse in sy/haar leerervarings op te teken en hieroor te reflekteer. Op hierdie manier baat leerders soveel meer by die hele leerproses aangesien dit nie net gaan oor die kennis wat ‘n mens verwerf nie, maar oor die hele leerervaring.

‘n Joernaalinskrywing beskryf byvoorbeeld ‘n enkele leerervaring, ontleed die oorsaak en gevolg, en probeer dan om die uitkomste en oortuigings wat uit die gebeurtenis voortvloei te bepaal. Aannames en reaksies moet aangeteken en ontleed word, asook verwantskappe tussen die gebeurtenis en bestaande oortuigings of kennis. Ter wille van duidelikheid moet inskrywings in die joernaal so gou moontlik na die gebeurtenis gemaak word. Verdere notas kan later gemaak word gegrond op die aanvanklike inskrywing.

Die volgende kan as riglyn vir joernaalinskrywings dien:

1. Kort uiteensetting van gebeure.
2. Verdere beskrywing van besonderhede van die belangrikste aspekte.
3. ‘n Ontleding van die ervarings:
   ° Moontlike verduideliking van die ervaring

- Betekenis van die ervaring
- Wat geleer is
- Vrae wat ontstaan het

Skryf in die leerjoernaal oor die leerervarings wat jy geniet, maar beskryf ook watter hindernisse in die pad van jou leer staan. Bespreek die verband tussen jou ervaring en die teorie waarvan jy hoor en waaroor jy lees.

Hier is ‘n voorbeeld van so ‘n joernaalinskrywing:

1. *Gebeurtenis: Eerste kontaksessie*
2. *Aanbieding oor moralisme, piëtisme, realisme – ek besef skielik dat ek eintlik ‘n moralis is - ek voel dat ek net vir God aanvaarbaar is as ek soos ‘n soet kind optree.*
3. *Ek het altyd probeer om my pa tevrede te stel, om aan sy verwagtinge te voldoen. Ek het in die kursus nou ervaar dat God nie so na my kyk nie – Hy het alles voorsien. Ek wonder nou hoe ek kan groei in ‘n realistiese siening van myself – uit God se oogpunt. Sal hierdie kursus my daarmee help?*

Aan die einde van die **<u>semester</u>** moet jy jou joernaal deurgaan en ‘n SAMEVATTING/ OORSIG OOR JOU LEER AS ‘N VOLWASSE LEERDER weergee, asook hoe dit ‘n uitwerking kan hê op jou praktyk as berader.

Jy kan die volgende vrae as riglyne vir die SAMEVATTING / OORSIG gebruik:

- Wat kom jy agter aangaande jou eie leer wanneer jy deur die inskrywings in jou leerjoernaal blaai?
- Wat was vir jou die moeilikste?
- Watter emosionele uitwerking het sommige van die temas op jou gehad?
- Wat moet jy doen om jou eie leer selfs meer te ontwikkel?
- As jy jou eie leerjoernaal evalueer, het jy bereik wat jy vir jouself as doel vir die kursus gestel het? Wat sou jy anders wou doen? Wat het jy geleer uit die ervaring om hierdie leerjoernaal te ontwikkel?
- Dink jy dat jou leerjoernaal ‘n aanduiding gee van:
    - Veranderings in jou kennis as leerder?
    - Veranderings in vaardighede?
    - Veranderings in houdings en gedrag?

Jy kan enkele hoogtepunte van jou leerervarings kies. Of jy kan fokus op die groei/ veranderings/ uitdagings/ probleme/ suksesse / worsteling wat jy ten opsigte van spesifieke temas ervaar het. Jou doel moet wees om te beskryf hoe hierdie kursus jou as leerder/berader verander het .

**OPDRAG:**

Aan die einde van elke semester moet jy hierdie SAMEVATTING / OORSIG oor jou leerjoernaal <u>saam met jou laaste werkopdrag inhandig</u>. (Jy hoef nie jou hele Leerjoernaal met al die inskrywings in te gee nie!!)

Die doel is om aan die kursusaanbieders te toon wat en hoe jy deur die semester gegroei het – of die uitkoms van die kursus bereik is. Jy gee dus hierin ‘n

bespreking van wat die semester vir jou beteken het, wat jy geleer het – maar op ‘n dieper vlak.  Dit dien as deel van die assessering van die semester.

Lengte van die opdrag:  2-3 getikte bladsye per semester
3-4 handgeskrewe bladsye per semester